

10 Mei

Skrifgedeelte: Lukas 15:8-10

Fokusgedeelte: Lukas 15:10

God se liefde strek tot by jou!

Hierdie verse is die middelste van 'n drietal gelykenisse wat soms die *trilogie van verloreheid* genoem word: die verlore skaap, die verlore muntstuk, die verlore seun. Dit is egter 'n vraag of dié versamelterm aan die openbaringsbetekenis van Jesus se driedelige gelykenis-prediking in Lukas 15 laat reg geskied. Plaas die gelykenisse nie die fokus op die positiewe van die *verregaande* liefde van God nie? Dit gaan in die gelykenisse immers uiteindelik nie oor verloreheid nie, maar oor *gevind wees* – met die klem dan op die wonder van God se opsoekende liefde en die vreugde wat dit bring.

Die twee aspekte – God se soekende liefde en die vreugde wat dit ook in die hemel bring – word in besonder in die gelykenis van die vind van die verlore muntstuk in skerp lyne geteken. Blydschap breek in die hemel uit oor elke verlore sondaar wat hom bekeer (Luk. 15:10). Maar hierdie bekering is soos ook in die voorafgaande (skaap-) en die volgende (seun-) gelykenis die gevolg van die (op)soekende liefde van God. Sy “sorgvuldige” soeke na die sondaar soos die vrou sorgvuldig na haar muntstuk soek, dui daarop dat Hy nie sy eiendomsreg op wat syne is laat vaar nie, maar heilig daarop is – daarom is sy verlossingsplan planmatig en noukeurig. Die gevind wees van die sondaar wortel dus in die liefde wat God in die Verteller van die gelykenisse konkreet openbaar en realiseer, naamlik in die Goeie Herder, die sorgsame Gestuurde na die verlorenes en die eniggebore Seun van die Vader wat in verlatenheid sterf om sy kinders te laat terugkeer tot Hom ten einde hulle vir ewig te behou.

God se verregaande liefde is lettelik vêr-reikend: dit strek tot by jou! En die engele-troonfigurante sing in vreugde oor jou wat hierdie uitnemende Godsliefde herken, erken en vandag weer stiler in 'n lewe wat die stempel en styl van opregte bekering uikaats na jou omgewing. Hoor die aarde in ons lewens die eggo van hemelvreugde oor ons eiendom wees van die God van hemel en aarde, op grond van sy liefde alleen?

Sing: Skrifberyming 2-1:1, 2, 6, 7

Ds. JP Bingle (Emeritus)